# Hoërskool De Aar High School
# Waardegedrewe/ Value driven
# Nuus/News

3/2025 03 Oktober 2025

Skoolhoof/Principal: **Mnr. J.C. Koen**

Tel: **053-631 3691/631 3332** Fax: **053-631 0964**
Webwerf: **www.hsda.co.za** Email address: **admin@hsda.co.za**

## Waardes/Values

**H** - **Hardwerkend/Hard-working**

**S** - **Selfrespek/Self-Respect**

**D** - **Deursettingsvermoë/Determination**

**A** - **Ambisie/Ambition**

U, as ouer/voog, word asseblief versoek om hierdie waardes met u kind te bespreek om te verseker dat u kind die waardes in Hoërskool De Aar uitleef.

We kindly ask that you as parent/guardian will discuss these values with your child, in order to ensure that he/she lives according to these values at De Aar High School.

## Visitors by appointment only

We kindly request that you make an appointment, in advance if you would like to have a **MEETING** with an educator or the principal.

## Personeel

Me Joni Barnard het 'n seuntjie ryker geword. Baie geluk! Ons was baie hartseer oor die skielike heengaan van Me Riana Muller. Dit was vir ons almal 'n groot skok! Innige simpatie en sterkte aan die familie!

### AANPASSING OP DISSIPLINÊRE STAPPE IN KLASKAMER

Hoërskool De Aar streef daarna om altyd goeie dissipline te handhaaf. Ons is altyd oop vir nuwe idees en tegnieke. Deur die loop van 2021 het ons probleme met leerders se klaskamerdissipline ondervind en was genoodsaak om alternatiewe metodes te ondersoek. Na deeglike navorsing het die beheerliggaam die volgende stelsel, wat vanaf Dinsdag, 26 Oktober 2021 geïmplimenteer is, goedgekeur.

Die stappe is as volg:

1. Waarsku leerder met die woord **"EEN"** vir enige ontwrigtende oortreding in die klas.
2. Waarsku leerder 'n tweede keer met die woord **"TWEE"**.
3. Waarsku leerder met die woord **"DRIE"** en laat leerder na vasgestelde sitplek, sonder boeke of tas, voor in klas skuif.
   Indien leerder se optrede stop kan hy/sy na 5-minute terugbeweeg na oorspronklike sitplek.
4. Indien leerder **nie stop nie** OF **weier** om te skuif word leerder gestraf met:

a) 150 punte – ernstige klasontwrigting,
b) 'n klasontwrigtersvorm word voltooi en
c) die ouers word dieselfde dag deur die vakonderwyser gebel.

5. Indien leerder twee keer in een week by dieselfde onderwyser (vak) oortree, moet die leerder die eerste **WOENSDAG** daarna, na skool, met die graadhoof en die betrokke onderwyser vergader.

# DAHS Gr. 12 Tablet/Electronic device policy

1. Tablet use is a privilege for Gr. 12 learners only. The first set of data will be provided by the school, thereafter it will be the responsibility of learners to buy their own data from Mrs Myburgh. (R100)
2. In class: Tablet, provided by the department of education (and earphones) are taken out and visibly placed on the desk. Learners may ONLY use them on teacher's instruction.
3. Teachers have the right to confiscate tablets/ear phones if they are visible in the passages or used in a way that disrupts the learning environment. In such a case the normal school cell phone policy will be implemented. (Device to be taken away for 2 weeks).
4. Breaks: When using your tablet during recess, adhere to POPI Act.
5. The school accepts no responsibility for the theft of or damage to devices.
6. All Gr. 12 learners must sign the Electronic Device Policy before they will receive a device. Learners who do not sign the policy will not be allowed to have an electronic device on the school premises.
7. Learners will not be allowed to charge their tablets in classes.
8. DAHS has the right to revoke this privilege of the grade 12 learners at any given moment, if mismanaged.

## Selfoongebruik (Gr. 8-11)

Graag bring ons dit onder u as ouer se aandag dat geen addisionele skoolwerk, anders as wat in die klas deurgegee word, op groepe elektronies geplaas word, nie.

Dus benodig leerders wat daagliks teenwoordig is in die klas, nie addisionele lugtyd (data) of selfoontoegang nie. Laastens: Dit bly u en u kind se verantwoordelikheid om in te haal.

## Selfone en ander elektroniese toerusting (Gr.8-11)

Leerders mag nie IKT-toestelle gedurende skoolure in hul besit hê nie. Indien 'n IKT-toestel wel in 'n leerder se besit gevind word, sal die toestel afgeneem en in die kluis gebêre word vir 'n tydperk van 2 weke. Die leerder sal die toestel op die tweede Dinsdag na skool terug ontvang. Indien die leerder dit vroeër benodig kan die leerder dit na 'n minimum van 8 dae ontvang en 'n boete van R200 betaal. Leerders mag wel IKT-toestelle wat horlosies is, dra, MAAR gedurende ENIGE vorm van assessering moet die leerder dit bêre. Indien die leerder die IKT-toestel tydens eksamens of evaluering in sy/haar besit het, sal hy/sy nul vir die vraestel ontvang. Geen onderwyser/die skool gaan verantwoordelikheid aanvaar vir 'n leerder se elektroniese apparaat/toestel nie.

### AFWESIGHEID

Daar word 'n hoë premie op stiptelike skoolbywoning geplaas.

| | |
|---|---|
| If a learner is absent during the term for one school day, the parent must contact the school by telephone or by letter informing why the learner is absent. If a learner is absent for more than one day, a medical certificate must be submitted. If the absenteeism deals with humanity (deaths, etc.), the school must be contacted directly.<br><br>One of the following reasons, with supporting documentation, must be provided:<br><br>• Act of Nature<br>• Appearance at court<br>• Death of familiy Member<br>• Exceptional Circumstances<br>• Family Responsibility<br>• Hospitalised<br>• Ill/Sick<br>• Medical Appointment<br>• Physical or Psychological illness<br>• Pregnancy/giving birth<br>• Religious/Cultural observances<br>• Study leave<br>• Suspension by SGB | Indien 'n leerder gedurende die kwartaal afwesig is vir een skooldag, moet die ouer die skool telefonies of per brief laat weet waarom die leerder afwesig is. Indien 'n leerder vir meer as een dag afwesig is, moet daar 'n mediese sertifikaat ingedien word. Indien die afwesighede handel oor menslikheidsredes (sterftes, ens.) moet die skool direk geskakel word.<br><br>Een van die volgende redes, met stawende dokumentasie moet voorsien word:<br><br>• Natuur ramp / natuurlike oorsaak<br>• Verskyning by die hof<br>• Dood van familielid<br>• Uitsonderlike omstandighede<br>• Gesinsverantwoordelikheid<br>• Gehospitaliseer<br>• Siek<br>• Mediese afspraak<br>• Fisiese of sielkundige siekte<br>• Swangerskap/bevalling<br>• Godsdienstige/Kulturele gebruike<br>• Studieverlof<br>• Skorsing deur SBL |

Gedurende die eksamen/assesering word slegs die mediese sertifikate wat deur ‘n mediese dokter onderteken is, aanvaar al is ’n leerder net vir een dag afwesig. Indien ‘n kliniekbrief, hospitaalbrief of apteekbrief ingedien word, moet dit op ‘n amptelike briefhoof, gedateer, gestempel en onderteken wees.
During the exam/assessment, only medical certificates signed by a medical doctor will be accepted, even if a learner was absent for just one day. If a clinic letter, hospital letter, or pharmacy letter is submitted, it must be on an official letterhead, dated, stamped, and signed.

Indien daar te enige tyd afgewyk word van bogenoemde reëling, sal ’n leerder geen punt behaal vir ’n eksamen of deurlopende assessering nie.
If at any time a learner deviates from the above-mentioned arrangement, he/she will not obtain a mark for an examination or continuous assessment.

Indien ’n leerder nie die skool vir ’n minimum van drie ure bywoon nie, sal hy/sy afwesig geag word.
If a learner does not attend the school for a minimum of three hours, he or she will be absent.

## Habitual Latecomers

We would like to thank all parents/guardians/learners who see to it daily that they are at school, punctually.

Unfortunately, there are a few parents/guardians/learners who do not comply with this arrangement and make a habit of being late. Very valuable time and energy is wasted in this process.

Thus, in future, De Aar High School’s gate will be locked. **Gates will be closed 3 minutes after the school bell rang**, for the beginning of the day. Latecomers will not be allowed to enter the school premises.

Parents/guardians/learners who experience serious problems on a given day, with circumstances outside their control, and who realise they will therefore be late, may contact the school five minutes before the commencement of the school day, to make the necessary arrangements.

## General arrangement: Reception

**NO learner will be called for during class time.** In the event of a learner having to visit a doctor or any other appointment, arrangements should be made with the school at least one hour before the appointment. Such a learner will then be called for at the end of the period, closest to the time of the appointment.
Parents who cannot sign out their own child personally, has to notify the school **in writing** about who will fetch the child, from school. This can be done by sending a sms to any previously received school sms or e-mail (admin@hsda.co.za). This should also be done in advance, before the person is sent to sign out the learner.
NO items such as assignments, books, pencil cases, food, money etc. will be taken in or handed out from the office.

## Kontakbesonderhede van ouers

Daar word op ‘n gereelde basis SMS’e uitgestuur na ouers met inligting. Dieselfde nommers wat gebruik word vir die SMS-stelsel is ook die nommer wat u as ouer gegee het as kontaknommer vir noodgevalle. U sal verstaan dat daar nie altyd in ‘n noodgeval tyd is om alternatiewe nommers op te soek nie en dus vra ons dat indien u nie die sms van die skool ontvang nie, u ons van die korrekte nommer sal voorsien.

## Text books and exercise books

Every pupil from Grade 8 to 12 was issued with text books in 2025. It is the responsibility of the pupil to keep the book in the same condition as when he/she received it. If a book is damaged or lost, you as the parent will be held accountable. **It is the policy of the National Department of Basic Education that no textbooks will be issued in 2026 if there are any text books outstanding from the previous year.**

## Toekenningsgeleentheid

Hierdie spoggeleentheid, waar al ons presteerders vereer word, vind op **16 Oktober 2025 om 18:30** in die Boet Troskie-saal plaas.

## Budget Meeting

We hereby inform you of a parents’ meeting on 20 October 2025 at 17:15. During this meeting, we wish to discuss, as well as finalise the budget for 2026. The budget is open for inspection at Mrs Myburgh’s office week days till 13:00 from 29 September 2025 – school holidays excluded.

## Akademiese prestasies

Baie geluk aan die volgende vyf toppresteerders per klasgroep vir die September 2025 eksamen:
*Congratulations to the following five top achievers per class group for the September 2025 examination*:

| Graad 12 A | % | Graad 12 J | % | Graad 12 V | % |
|---|---|---|---|---|---|
| Nicole Afrika | 84.28 | Marlin Bailey | 71.29 | Rico van Heerden | 88.00 |
| Dawson Jonker | 80.00 | Siyolise Biko | 66.43 | Farren Duthie | 87.71 |
| Sibusiswe Sam | 77.29 | Miguel Nieuwenhuizen | 64.71 | Daniellen Abbott | 82.43 |
| Elrisa Truter | 73.29 | Betty Madeba | 64.29 | Jean-Mari Lombard | 76.43 |
| Jaybee Mateus | 70.57 | Avuzwa Hugo | 64.00 | Chloe Jonker | 75.29 |

| Graad 11 B | % | Graad 11 C | % | Graad 11 J | % |
|---|---|---|---|---|---|
| Anri du Preez | 93.71 | Patrick Kitengye | 94.71 | Unathi Nkabi | 91.29 |
| Joachine Eiman | 84.43 | Luniko Qondani | 90.57 | J.P. vd Westhuizen | 88.71 |
| Marnu Deysel | 82.86 | Linothando Dayiman | 85.71 | Darrian Brown | 87.14 |
| Liane Pretorius | 81.29 | Lanique Adams | 85.71 | Ilan Kleynhans | 85.17 |
| Amir Govind | 81.43 | Mbuyisile Madyo | 85.57 | Ambeswa Mjandana | 80.86 |

| Graad 10 B | % | Graad 10 C | % | Graad 10 M | % | Graad 10 N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Adriano de Carvalho | 93.57 | Marco de Carvalho | 95.14 | Somangaye Sgonyelo | 79.57 | Beau-Dean Cloete | 69.57 |
| Joshua Sequeira | 91.57 | Christiaan Raath | 94.85 | Mac-Kayla Kriel | 77.85 | Lisolenkosi Makhatini | 68.57 |
| Siphosethu Ralawe | 82.71 | Shereshni Janse van Vuuren | 85.57 | Vian Skipper | 75.29 | Amahle Poswa | 63.14 |
| Ntivo Shipalane | 78.43 | Llené Festus | 85.28 | Charlene Williams | 70.00 | Lwando Gedezana | 62.14 |
| Erin Merrington | 76.43 | Celeste de Clerk | 77.29 | Senzi Fielies | 69.57 | Oluhle Bambiso | 60.86 |

| Graad 9 B | % | Graad 9 H | % | Graad 9 W | % |
|---|---|---|---|---|---|
| Cherise April | 93.67 | Asandiswa Malawana | 80.89 | Johandré Barkhuizen | 94.78 |
| Alda Augustyn | 93.22 | Lydia Lere | 77.33 | Christine Bester | 92.78 |
| Keisha Booysen | 78.00 | Kenya Clarke | 73.89 | Lunishia Clarke | 82.22 |
| Michyela Oelofson | 76.89 | Ronwen Fyver | 70.44 | Zimbonge Adonisi | 82.11 |
| Angelina Kahugu | 76.67 | Luzandré Fembers | 66.00 | Miché Booysen | 82.11 |

| Graad 8 A | % | Graad 8 B | % | Graad 8 D | % |
|---|---|---|---|---|---|
| Kozangawe Kampi | 69.56% | Edward Mans | 62.44% | Damia Young | 85.11% |
| Olereko Mjandana | 67.78% | | | Moipone Matebesi | 77.89% |
| Jazmyn Swarts | 65.33% | | | Jean-Jacques Oosthuizen | 77.78% |
| Atlegang Moroke | 64.89% | | | Swazi April | 76.56% |
| Zicwengile Bam | - | | | Gabriella Buys | 75.89% |

| Graad 8 M | % | Graad 8 O | % |
|---|---|---|---|
| | | Abijah Greyling | 84.78% |
| | | Lameez Jogee | 79.56% |
| | | Imke Visagie | 78.22% |
| | | Marli Spies | 76.22% |
| | | Adriaan Skipper | 75.89% |

## Responsibility of school, SGB and staff regarding learners' attendance of school and school activities

The school would like to notify you that the above-mentioned stakeholders' responsibility for learners starts **15 minutes before** and **after** school, should an emergency arise.

For extramural activities this same arrangement applies. 15 minutes before and after an activity, coaches/drivers will be available.

Please take note that outside of these times parents must accept responsibility for their child's safety.

If it is not an organised schoolactivity, the school is **NOT RESPONSIBLE for your child 15 minutes** after the bell rang for the end of the school day.

Your co-operation in this regard is highly appreciated.

## Boelie bewusmaking

Boeliegedrag is ‘n tendens wat besig is om wêreldwyd toe te neem. Hoërskool De Aar verdra geen boeliegedrag in enige vorm nie! Elkeen, beide skolier en onderwyser, het die reg om veilig te voel.
Te veel van ons skinder, terg, spot, verneder, gee byname en verstoot, dit alles sonder om eers te besef dat ons onsself skuldig maak aan afknouende boeliegedrag. Voorts is daar ook diegene wat hulself skuldig maak aan lasterlike boodskappe, intimidasie asook storieverspreiders op sosiale media. Ons doen ‘n beroep op u en u kind/ers: “Be kind or be quiet!”

**Hoërskool De Aar streef daarna om ‘n Boelievrye Gebied te wees.**

## Eagle points

The Eagle point system, which is a positive point system of the school, has been elaborated to teach learners more responsibilities. Learners with less than 40 points in category 1, will earn 10 eagle points. Learners will be rewarded each term if they meet the criteria below. Learners must still have 100 points for the year (October-September) to be an eagle.

The eagle point system will work as follows:

**Term 4 (Previous year)**

1. No disciplinary points for category 2: 10 points
2. Forty and less disciplinary points for category 1: 10 points
3. No absenteeism up until exam: 10 points
4. Participation in Colour Athletics: points for participation in two or more items
   = Learners need to obtain a total of 20 points for reward acknowledgement

**Term 1:**

1. No disciplinary points for category 2: 10 points
2. Forty and less disciplinary points for category 1: 10 points
3. No absenteeism up until exam: 10 points
4. Help offered at Karoo Festival: dependent on number of hours
5. Parent Evenings: Grade 8 and 12: 5 points
6. Summer sport: 20 points
   = Learners from Grade 8 and 12 need to obtain a total of 45 points for award acknowledgement
   = Learners from Grade 9-11 need to obtain a total of 40 points for award acknowledgement

**Term 2**

1. No disciplinary points for category 2: 10 points
2. Forty and less disciplinary points for category 1: 10 points
3. No absenteeism up until exam: 10 points
4. General Parents Evenings: 5 points

   = Learners need a total of 20 points for reward acknowledgement

**Term 3**

1. No disciplinary points for category 2: 10 points
2. Forty and less disciplinary points for category 1: 10 points
3. No absenteeism up until exam: 10 points
4. Winter sport: 20 points
5. Sport (outside of school) Must be provided with proper evidence of achievement: 20 points
6. Culture: 20 points per activity
7. Grade 9 Parents’ Evening: 5 points
8. General Parents’ Evenings: 5 points

   = Learners need a total of 60 points for reward acknowledgement

9. 9.1 If a learner participates in Round 1 of an Olympiad then 1 eagle point is awarded.
   9.2 If a learner participates in Round 2 of an Olympiad then 2 eagle points are awarded.
   9.3 If a learner finishes in the Top 10 of the Olympiad, then 5 eagle points are awarded.

## BUITEMUURS EN SPORT

# Hokkie

Gedurende die Julievakansie het vyf van ons leerders die Noord-Kaap Platteland te Paarl verteenwoordig, nl.
o.16 - Jaime Vilander
o.18 - Jaybee Mateus, Farren Duthie, Karia Erasmus en Isabel Janse van Rensburg.

Die o.16's eindig agste en die o.18's eindig vyfde uit al die streke.
Dit was vir al hierdie leerders 'n groot leerskool. 'n Mens kon duidelik sien dat die blootstelling aan hierdie toernooie elke speler gevorm en verbeter het toe hulle hierdie vaardighede kon toepas in hul onderskeie spanne by die skool.

Moipone Matebesi het ook die Noord Kaap o.14-span verteenwoordig by die "IPT's" en het ongelooflik verbeter as 'n speler as gevolg daarvan.

Beide die eerste- en tweedespanne het hul eerste wedstryde teen Hartswater gehad die naweek van 26 Julie 2025. Hierdie wedstryde is elke jaar 'n groot hoogtepunt vir ons! Die tweedespan het gelykop gespeel teen Hartswater en die eerstespan het daarin geslaag om 3-2 in 'n naelbytwedstryd te wen.

Albei spanne dring deur na die semi-finale en finale in Kimberley op 9 Augustus 2025.
Die o.19B-span het 2-1 in die semi-finale verloor teen Hoërskool Kalahari en speel vir die derde of vierde posisie in die finale. Hulle speel teen Curro Kathu in die finale en verower die derde posisie met hul wen van 2-1. Die o.19A-span het 'n oortuigende telling van 6-5 gehad teen Curro Kathu in die semi-finale. Die telling was aanvanklik gelykop met 2-2 tydens die eindfluitjie, maar na 'n stresvolle uitskietstryd het hulle weggestap as die wenners en speel dus uit vir die eerste of tweede posisie.

Hulle speel teen Hoërskool Kalahari in die finale en wen die naelbytwedstryd met 1-0 wat hulle dus as die 2025-ligawenners laat wegstap! Hulle bring hiermee die beker vir die tweede jaar in 'n ry huis toe.

## Netbal

Net een van ons ligawedstryde het nog voorgelê in kwartaal 3 - die groot *Interskole* teen Hartswater. Al die harde werk van die seisoen het op Saterdag, 26 Julie, tot 'n hoogtepunt gekom toe 3 van ons 4 netbalspanne as oorwinnaars van die baan af kon stap. 'n Prestasie wat ons nie die afgelope 5 jaar teen Hartswater kon bereik nie!

Met hierdie oorwinnings dring al 4 spanne (wat in die mediumskole liga ingeskryf was) deur na die kwartfinale op 8 Augustus in Kimberley.

Ons o.14-span skop die dag af met 'n oorwinning oor HMO en kom teen Hoërskool Douglas te staan in die semi-finale. Hul verloor ongelukkig na 'n naelbytstryd. Hul speel hierna in die kleinskole ligafinaal teen Hoërskool Postmasburg en word as die wenners in hierdie liga aangewys.

Die o.15-span verloor ongelukkig hul kwartfinaal teen HMO.
Ons eerstespan kom in hul kwartfinaal teen Curro Kathu te staan en verloor in die laaste sekondes van die wedstryd, met een doel, alhoewel hulle goeie netbal gespeel het.

Die o.17-span dring deur na die semi-finaal en wen Hoërskool Postmasburg. Hulle dring daarmee deur na die finale van die mediumskole-liga, waar hulle kragte moes meet teen Hoërskool Daniëlskuil. Hulle sukkel om hul ritme te vind in die wedstryd en verloor ongelukkig net-net en eindig dus tweede in die mediumskole-liga.

Ons sluit die seisoen af met 'n heerlike netbalpret(mid)dag waaraan 10 spanne deelgeneem het. Die rugby- en krieketseuns, asook die hokkiemeisies het die netbalspeel terdeë geniet.

## Krieket

'n Groep van ons leerders het aan die o.16 dogters sowel as die o.16 en o.19 seuns Pixley-krieketproewe deelgeneem.
Die volgende leerders is in die onderskeie spanne opgeneem:
o.19 - Reid Du Toit, Johandré Ungerer en Mcfidel Swanepoel.
o.16 - Adriano De Carvalho, Senzo Fillies, Laythim Jarvis, Itumelang Maloka en Saheed Mukhadier.

Vir die eerste keer in geskiedenis van Hoërskool De Aar neem 'n dogter aan die o.16 proewe deel.
Gontlafetse Mbewe word ook gekies vir die o.16-Pixleyspan.

Agt van ons seuns het aan die Interdistrik-krieketproewe op Prieska teen Streke soos JTG, ZFM en Frances Baard deelgeneem. Adriano De Carvalho en Senzo Fillies word opgeneem in die o.16 Platteland span wat aan die finale proewe in Kimberley vanaf 4-6 Oktober gaan deelneem.

## Tennis

Die afgelope kwartaal het Hoërskool De Aar se tennisspelers hul talent en deursettingsvermoë duidelik laat blyk in verskeie wedstryde en toernooie.

Op 12 Augustus het Hoërskool De Aar teen Hoërskool Middelburg kragte gemeet en met uitstekende spel 'n oortuigende 19–3 oorwinning behaal. Net 'n week later, op 19 Augustus, het die span teen Hoërskool Hopetown te staan gekom. Alhoewel die uitslag nie in Hoërskool De Aar se guns was nie, het die spelers steeds groot moed, deursettingsvermoë en spangees getoon.

Op 26 Augustus het Hoërskool De Aar in Douglas teen Hoërskool Douglas meegeding in 'n reeks spannende wedstryde. Met sterk spel in die enkel-, dubbel- en gemengde dubbelwedstryde het Hoërskool De Aar die dag afgesluit met 'n welverdiende 10–8 oorwinning.

Verder het drie van ons spelers, nl. JP van der Westhuizen, Johandré Barkhuizen en Karia Erasmus, Hoërskool De Aar asook die Noord-Kaap met trots verteenwoordig tydens verskeie provinsiale toernooie.

Hierdie kwartaal se prestasies beklemtoon nie net Hoërskool De Aar se groei in tennis nie, maar ook die spelers se spangees, talent en deursettingsvermoë.

## Rugby

Hierdie kwartaal het die rugbyspanne aan 'n reeks wedstryde teen verskillende skole deelgeneem. Die spelers het goeie spanwerk en groei getoon en as gevolg van die waardevolle ervaring wat hul tydens beide ligawedstryde en uitspeelrondes opgedoen het.
Die uitslae was as volg:
o.15A: Hartswater 21 – De Aar 10
o.15B: Hartswater 22 – De Aar 28
o.17: Hartswater 19 – De Aar 22
Die o.15A-span moes die knie buig, maar beide die o.15B en o.17-spanne het vasberadenheid getoon en sterk oorwinnings behaal.
Gedurende die uitspeelrondes is die volgende uitslae behaal:
Kwart-eindrondte: Douglas 19 – De Aar 24
Halfeindrondte: Curro 19 – De Aar 19
Finaal: Prieska 44 – De Aar 8

Die spanne het tot diep in die toernooi gevorder en waardevolle wedstryde gespeel. Hoewel die eindstryd teen Prieska swaar verloor is, wys die pad na die finaal dat daar baie potensiaal en groei in die groep is.
Eerstespan:
Kwart-eindrondte: Namakwa: 22 – De Aar 38
Halfeindrondte: Hopetown: 17 – De Aar 28
Finaal: Prieska: 36 – De Aar 27

Die eerstespan het sterk vertonings gelewer en tot die finaal gevorder. Die oorwinnings teen Namakwa en Hopetown het die span se karakter en uithouvermoë onderstreep. Die eindstryd teen Prieska was 'n taai stryd, maar die spelers het trots tot die einde geveg.

Ons jonger spanne het hul potensiaal gewys, veral die o.15B en o.17-spanne wat oorwinnings behaal het. Die eerstespan se oorwinning teen Namakwa was 'n besondere hoogtepunt. Die feit dat ons tot twee verskillende eindstryde deurgedring het, wys dat ons rugby sterk aan die ontwikkel is!

Hierdie seisoen het bewys dat die spelers 'n sterk fondament bou vir die toekoms. Met harde werk en toewyding kan ons spelers volgende seisoen nóg groter prestasies behaal!

## Soccer

De Aar High School's U15 and U17 teams each played a friendly match on 13 September 2025. Our teams faced off against a local club, "Plankies FC." De Aar High School came out victorious in both matches, showcasing their developing skill, passion for soccer, and, of course, teamwork.

The U15 triumphed with a convincing 3-0 win, while the U17 dominated their opponents with a commanding 5-0 victory.

Despite the late start to the season with practice commencing in August, the U15 team demonstrated great promise and teamwork in their match.

Score sheet:
Kwakhanya Mvandaba - 1
Inganathi Mpemnyama - 1
Yolisa Xhashimba - 1

The U17 were presented with a challenge as many of its key players are in Grade 12 and can no longer participate in extra-curricular activities. This did not hamper their spirit at all because with it being Term 3 at De Aar High School, DETERMINATION is the guiding value!

The U17 put up a spectacular display and outclassed their opponents. Man-of-the-match went to Kitso Sehako, who scored all five goals!

Both teams will continue their preparations with the goal of further improving their skills for their upcoming fixtures next term.

## Toutrek

Die derde kwartaal van 2025 was 'n besonder suksesvolle tydperk vir Hoërskool De Aar se toutrekkers, met merkwaardige prestasies op beide nasionale en plaaslike vlak.

### Nasionale Deelname: SA Senior Ope Klubkampioenskappe (12–15 Junie 2025)

Twee van ons leerders het Hoërskool De Aar trots verteenwoordig:

- Phillip Wiid

600 kg o.23 Mans – Goue medalje in die President-afdeling

- Zanri Dumas

500 kg Dames – Silwermedalje in die President-afdeling
500 kg o.23 – Brons medalje in die Premier-afdeling
560 kg o.23 Gemeng – Brons medalje in die Prestige-afdeling
500 kg o.23 Dames – Goue medalje by Oceanics
600 kg Gemeng – Silwermedalje by Oceanics

### SA Senior Toutrekkampioenskappe – Hartenbos (1–2 Augustus 2025)

By hierdie byeenkoms het beide atlete Griekwas verteenwoordig en weereens hul klasse bewys:

- Zanri Dumas
  500 kg Dames President-afdeling – Goue medalje
  500 kg o.23 Dames President-afdeling – Goue medalje

- Phillip Wiid
  600 kg o.23 Mans President-afdeling – Silwermedalje

### Plaaslike Kompetisie – Beaufort-Wes (13 September 2025)

Hoërskool De Aar se toutrekspan, deel van die De Aar Toutrekklub, het aan die laaste kompetisie van die jaar deelgeneem en puik resultate in die Stewels-liga behaal:

- 480 kg – 2de plek
- 580 kg – 3de plek
- 520 kg – 1ste plek

Hierdie prestasies beklemtoon die span se harde werk, toewyding en deursettingsvermoë. 'n Spesiale woord van dank gaan aan Mnr. Johan Jonker, wie se afrigting en leiding 'n groot rol in die sukses van die toutrekkers gespeel het.

## Bodybuilding

Iviwe Ciko, a Grade 9 learner from De Aar High School, represented the Northern Cape at the SA Bodybuilding Championships in Pretoria on 30 August 2025. She excelled with a 2nd place in the Ladies' Sports Model division, 4th place in Glamour Model, and 5th place in Bikini. Her outstanding results highlight her hard work, determination, and dedication

## SACOPA

Die volgende Hoërskool De Aar leerders het op 28 Junie 2025 aan die SACOPA Provinsiale kompetisie deelgeneem en deurgedring na Nasionale Deelname. Hulle is gekies om die Noord-Kaap van 3-11 Oktober by die SA's te verteenwoordig:

- Danssolo's:

Abijah Greyling, 14 jaar
Johandré Barkhuizen, 15 jaar
Karia Erasmus, 16 jaar.

- El Digno, Hoërskool De Aar se Pompoms

Die volgende leerders het gekwalifiseer vir SA's met hul sang-items:
Johandré Ungerer (Instrumental & Solo)
Zizi Mvenya (Instrumental & Solo)
Anri Du Preez (Solo)
Mbuyiselo Jnr Madyo (Solo)
WUM Boy Band Blueprint

Baie geluk aan hierdie leerders en ook baie sterkte vir Rustenburg - ons weet julle sal Hoërskool De Aar se naam hoog hou!

## ATKV-DRAMA

### Wensdenkery

Op 8 Augustus 2025 het die toneelgroep van Hoërskool De Aar die stuk *Wensdenkery* op die planke gebring. Dit was die heel eerste keer dat hierdie stuk, geskryf deur Sarina Donges, opgevoer is. Oefening het in die derde kwartaal van 2024 begin en die leerders het baie struikelblokke te staan gekom. Dit was egter nie te groot of uitdagend genoeg nie en die leerders het hulself uitstekend van hul taak gekwyt om 'n baie goeie toneel op die planke te bring.

Op 14 Augustus, het hulle deelgeneem aan die ATKV Tienertoneel in Bloemfontein. Die beoordeelaars was beïndruk met die leerders en het baie konstruktiewe terugvoer gegee. Die FAK was die opvolgende week, 18 Augustus. Die leerders het baie hard gewerk tydens die jaar en het die vrugte daarvan gepluk. Tussen toetse, eksamens en selfs gedurende die vakansies het hierdie leerders geen moeite ontsien om net hul beste te gee nie.

Ons wil baie graag al die leerders (en almal wie gehelp het tydens die produksie) hartlik bedank en ons hoop om hulle weer volgende jaar by *Grease* te sien.
Sterkte aan ons matriekleerders (akteurs) – julle is tops!

**Rolverdeling**
Nicole Afrika
Marlin Bailey
Amor Makellie
Rico van Heerden
Helen Kahugu
Amy-Lee Kakora
Tiffany Sors
Lumieke Fourie
Llené Festus
Marco de Carvalho
Gabriella Buys

**Tegniesespan**
Verhoogbestuurder: Nicole Afrika
Klank: Dawid Botha
Beligting: Jaques Oosthuizen
Stel: Jeandré Visser & Mcfidel Swanepoel

Volgende jaar pak ons die musiekblyspel – *Grease* aan...wat netso opwindend gaan wees!

## English Drama

### PETER PAN

On 20 August 2025, the school's performance of Peter Pan was a fantastic success! The young actors showed incredible dedication and talent, bringing the magic of Neverland to life. From the captivating sets to the imaginative costumes, every detail added to the charm of the show. The learners' energy was infectious, and their ability to command the stage with such confidence was truly impressive. They should all be incredibly proud of the hard work and effort they put into creating a memorable performance that the whole school thoroughly enjoyed.

**Cast:**

Zirelna Erasmus - Captain Hook/Mr Darling
Lesedi Mosia - Wendy
Mcfidel Swanepoel - Peter Pan
Moipone Matebesi - Tinkerbell
Zimi Bodlani - Nana the dog/Pirate
Rusca Visagie - Pirate
Olereko Mjandana - Narrator/Nibs
Lithe Yekani - Tootles
Ansah Obiri-Slightly
Cwenga Bam-Curly

**Technical team:**

Graeme Boucher
Ohann Diedericks
Jamie Cowie

# Melodrama

Melodrama is jaarliks die hoogtepunt van ons skool se vermaak. Hierdie jaar was geensins anders nie. Die personeel van Hoërskool De Aar het hierdie jaar aan die Olimpiese Spele deelgeneem.

Baie harde werk (tussen merk en punte indien), het gemaak dat die Spele die gehoor behoorlik vermaak het. Ons personeel het weereens die haas uit die hoed geruk en hul talente ten toon gestel. Hul sportiwiteit is sowaar van hoë gehalte en hulle hoef vir geeneen terug te staan nie.

U kan verseker wees dat volgende jaar se skouspel selfs nog meer indrukwekkend sal wees.

Ons dank elkeen wat opgekom het - u ondersteuning maak dit die "moeite" werd.

# Skaak

Die Noord-Kaap Closed-skaaktoernooi vir leerders het van 22 tot 23 Augustus 2025 in Upington plaasgevind en het vyf rondtes strategiese gevegte aangebied vir verskeie ouderdomsgroepe. In die o.16-meisiesafdeling het Swazi April uitgeblink met 3 oorwinnings, gevolg deur Cherise April (2½) en Caelyn Ngudle (2). In die o.16 oopafdeling het Kyle Oberholzer 2 oorwinnings behaal, terwyl Mbuyiselo Jnr. Madyo en Patrick Kitengye elk 4 oorwinnings in die o.18 oopkategorie aangeteken het, met Garryn Hendricks (2½) en Alrique May (2) ook in die top 10. Die o.20 oopafdeling was ewe mededingend, met Kelly Oliphant (1½), Babalo Mooi (2) en Thamsanqa Madyo (2) wat almal 'n plek in die top 10 verower het.

By die parallelle toernooi by Laerskool De Aar het Hoërskool De Aar se spelers hul merk gemaak. In die o.18-afdeling het Zizi Mvenya 'n goue medalje behaal, Garryn Hendricks silwer, en Babalo Mooi brons, terwyl Cherise April in die o.16-kategorie die bronsmedalje verowern het. Hierdie indrukwekkende prestasies beklemtoon die krag en entoesiasme van skaak in die Noord-Kaap en dra trots by tot Hoërskool De Aar se reputasie.

# Road Safety Debate

Preliminary Round: 8 September 2025
Final District Round: 29 September 2025

On 8 September, the De Aar High School Debating Club participated in the preliminary round of the Road Safety Debate competition. The competition, which aims to raise awareness about road safety issues, is being conducted in two rounds this year, with the final round scheduled for 29 September 2025.

What is commendable is that De Aar High School was able to produce two teams who then debated against each other. The debate centred around the importance of road safety measures where the motion was:

***"The National Road Safety Strategy (2016 – 2030) is the solution to South Africa's road safety problems."***

Each team was tasked with presenting arguments in favour of and against the NRS Strategy. The respective teams were set out as follows:

**PROPOSITION TEAM**
1. Siyasanga Mdlulwa
2. Lilitha Qayi
3. Faith Pieterse

**OPPOSITION TEAM**
1. Llené Festus
2. Lonwabo Mrwadi
3. Luniko Qondani

Our debaters received positive feedback from the adjudicators. They demonstrated excellent research skills, clear articulation, and the ability to present logical, well-structured arguments.

Based on their strong performance in the preliminary round, it is with great excitement that we await the final district round. One team will be formed to represent the Northern Cape at the national competition taking place during the October school holidays.

We wish all our participating debaters the best of luck, make us PROUD! Special thank you also goes out to Mr L. Manona and his team of excellent adjudicators for keeping the Pixley ka Seme debating programme operative and creating opportunities for our brilliant, young minds.

## REKENINGKUNDE OLIMPIADE: Hoërskool De Aar leerder die Beste in NK

Tydens die onlangse Graad 12 Rekeningkunde Olimpiade het leerders van die hele Noord-Kaap en Vrystaat aan Rondte 1 deelgeneem. Meer as 2000 leerders van die twee provinsies het deelgeneem. Hoërskool De Aar het een leerder, Rico van Heerden, wat na Rondte 2 deurgedring het.

Van al die leerders uit die NK, was Rico van Heerden 1ste in die hele Noord-Kaap!

Hoërskool De Aar is trots op Rico met sy prestasie! Weereens 'n bewys van die uitstekende onderrig wat by Hoërskool De Aar plaasvind. Ons doen, ander volg!

## Ekspo vir jong wetenskaplikes

Ses en twintig leerders het op Woensdag 28 Mei 2025 deelgeneem aan die Pixley ka Seme distrik expo wat by Hoërskool De Aar gehou is. Al die leerders het gekwalifiseer om 16 Augustus 2025 aan die Kimberley streek se provinsiale *Eskom Expo for Young Scientists* te gaan deelneem. Hulle is raad gegee hoe om hul projekte op te gradeer en te verbeter en kon ook werkswinkels bywoon, wat deur deur Mnr Hattingh aangebied is.

Op 16 Augustus 2025, het sestien projekte in Kimberley gaan deelneem. Hoërskool De Aar is die skool met die meeste goue medaljes (altesaam elf goud) en word daarom aangewys as die beste presterende skool van die dag.

Anri du Preez, wat 'n apparaat ontwikkel het om jou te help om jou pille op die regte tyd te laat kry en Celeste de Clerk met eko-vriendelike isolasie vir huise, het albei bo 90% behaal!

Die volgende leerders ontvang almal goud vir 'n prestasie bo 80%. Veronica Matekwe, Zimbonge Adonisi, Llené Festus, Alda Augustyn, Patrick Kitengye, Abijah Greyling, Johandré Barkhuizen, Mbuyiselo Jnr Madyo, Adriano en Marco de Carvalho.

Ons wen ook twee brons en drie silwer medaljes. Al 16 projekte het dus medaljes gewen – 'n besonderse prestasie!

Hoërskool De Aar het boonop drie kategorie-wenners opgelewer. Johandré wen die Plantwetenskappe met haar projek waar sy hergroei van plante ondersoek. In die Omgewingswetenskappe stap Celeste weg met die beste projek waar sy die hitte klop met hernubare isolasie in huise. Anri wen die Ingenieurswetenskappe afdeling met haar outomatiese pildespensor.

Meneer Hattingh ontvang ook 'n spesiale erkenning vir die distrik koordineerddder en vir dir beste presterende ondewyser.

## Karoo Eisteddfod

Die Karoo Eisteddfod vind jaarliks plaas en bied 'n gulde geleentheid vir die ontwikkeling van leerders in die kunste. Die jaar het Hoërskool De Aar rekordinskrywings gehad vir die Eisteddfod. Vyf en neëntig, leerders met ongeveer 177 items, het vir die geleentheid ingeskryf om hulle talente aan die gemeenskap ten toon te stel. Daar was 'n verskeidenheid kundighede van tekeninge tot prosa, sang en dans. Die uitslae is egter nog nie bekend nie.

## WOW

Hoërskool De Aar se leerders blink uit by WOW-spelkompetisie.

Op Saterdag, 2 Augustus, het 'n groep leerders van Hoërskool De Aar aan die Emthanjeni spelkompetisie deelgeneem. Baie geluk aan die volgende leerders wat onder die top vyf in hulle onderskeie grade en tale geëindig het en deurgedring het na die distriksvlak:
Gr.8 Engels: Kozangawe Kampi (brons)
Gr.9 Afrikaans: Kenya Clarke (brons)
Gr.9 Engels: Lydia Lere (silwer) en Asandiswa Malawana (5de)
Gr.10 Afrikaans: Marco de Carvalho (goud) en Celeste de Clerk (brons)

Op Saterdag, 23 Augustus, het die leerders aan die Distrikspelkompetisie deelgeneem. Hoërskool De Aar is trots om te deel dat die volgende leerders onder die top vyf geëindig het en dus deurgedring het na die provinsiale kompetisie wat op 6 September in Upington plaasvind:
Gr.8 Engels: Kozangawe Kampi (5de)
Gr.9 Afrikaans: Kenya Clarke (goud)
Gr.9 Engels: Asandiswa Malawana (4de)
Gr.10 Afrikaans: Marco de Carvalho (goud) en Celeste de Clerk (brons)

Op 6 September het vyf van Hoërskool De Aar se leerders aan die provinsiale rondte deelgeneem. 'n Groot hoogtepunt was dat Celeste de Clerk (gr. 10 – Afrikaans) deurgedring het na die nasionale kompetisie, wat op 11 Oktober in Stellenbosch sal plaasvind.
Hoërskool De Aar is trots op al hierdie leerders se puik prestasies en wens vir Celeste sterkte toe met die volgende rondte.

**HOËRSKOOL DE AAR BELÊ IN SKOLIERE**

Hierdie kwartaal het **Denzil Moses** en **Gideon Devasahayam** van *2nd Chance* met HSDA se skoliere kom gesels oor die wonderwerk van 'n **tweede kans** in die lewe.
Denzil, 'n eks-leier van een van die grootste bendes in die Kaap, het sy eie storie van bendes gedeel - hoe hy veronderstel was om te sterf toe sy eie **bloedbroer**, uit 'n ander bendegroep, hom geskiet het…maar toe almal hoop opgegee het op hom, het **God hom 'n tweede kans op lewe gegee!** Hy het dit met beide hande aangegryp en sy lewe heeltemal verander. Vandag reis hy deur die land om jongmense HOOP te gee.
Sy boodskap is **eg en eerlik**:

☞ Moenie leef vir jou vriende, verhoudings of ander mense nie.

☞ Moenie jou standaarde of drome prysgee vir iemand anders nie.

☞ Leef voluit in jou **Godgegewe droom** en leef jou **potensiaal**!

Dr Myles Munroe het gesê:
**"The richest place on earth is a graveyard.**
There lies so much potential - the potential doctor, the potential rugby player, the potential book that was never published...
And the dreams we never lived out to the fullest, because we lived what we thought others wanted us to do.
**Don't give up something of yourself to fit into the group or crowd."**

The following day, **Gideon** shared his powerful life story. He spoke about how people once questioned, *"Can anything good come from Nazareth?"* And yet, **Jesus - the greatest man to ever walk the earth -** came from Nazareth.
Gideon turned the same question to the students of De Aar:
*"Can anything good come from De Aar?"*
And the answer? A resounding **YES!**
There is **so much potential right here** - in this town, in this school, in **each of you**.
Using vivid and practical examples, he **rekindled the flame** in learners' hearts - encouraging them to **dream boldly** and to **trust the process**.
*"When you include the right steps in your journey, the impossible becomes possible."*
He explained how:

- An **elastic band** must be stretched **backward** before it can launch forward - just like life's challenges stretch us so we can grow.
- A **surfer** doesn't ride every wave - he waits for the **right one**. In the same way, learners must make **wise choices** and ride the waves that align with their purpose.

And finally, he left them with a thought-provoking truth:
*"You cannot always follow your heart - it can be deceptive.*
*After all, the heart is on the left...*
*Which means it's not always right."* 💡

💛 Skoliere was diep aangeraak. Baie was emosioneel en almal het aandagtig geluister. Die sessies was interaktief en prakties en het 'n blywende indruk gemaak.
Opregte dank aan die **SBL van Hoërskool De Aar**, wat sulke geleenthede vir ons leerders moontlik maak.
En **HOËRSKOOL DE AAR**...onthou altyd:
**"Dis makliker om AF van die verhoog getrek te word, as om iemand OP te trek na die verhoog."**
**Omring jou met die regte vriende - dié wat jou optrek en opbou!**

## UCSA

In this term we always have to bid farewell to our grade 12 group leaders. We are grateful for their investment in our school and wish them all the best for their future.

Siyolise Biko and Angela Kohl were UCSA group leaders for their entire career at DAHS. What an achievement! We also bid farewell to Amor Makellie our chairperson for 2025, as well as Nicole Afrika, Avuzwa Hugo and Vida-Zhara Smiles. May they continue to be light bearers where they set foot.

We had a busy term 3. UCSA always hosts Madiba Day for CANCER. This event went well – everyone came with a funny head-piece and we walked for 67 minutes.

Denzil Moses from 2nd Chance and his colleague Gideon visited our learners and offered inspiration!

Furthermore, we are most grateful for Gideon Bible Distributors, who had their annual visit with our grade 8's; they gifted every grade 8 learner with a Bible. We enjoyed an extra-long worship session in the hall and sang heartily to our Heavenly Father.

The UCSA also hosted a special communion. To break bread with someone speaks of unity, friendship and fellowship. That is what we treasure at DAHS. We had a 'Bring 'n Broodjie' Day – where learners brought one extra lunchbox (sandwich or snack). At break it was shared amongst everyone and we could feel the love amidst our DAHS community.

We are privileged to announce that our school is founded on Christian values and that we have Truths to hold on to as a True compass. Amidst unstable and unknown times, we can remain stable and steadfast – anchored in Him.

KŸTO

26-28 FEB '26

Karoofees Die fees wat pomp

SIEN JOU DAAR OP DE AAR!

# Buitemuurs – Somerprogram kwartaal 4

Maandag
13:30– 14:30 Grade 8 English Extra Classes
13:30 – 14:30 Graad 9 Afrikaans Ekstraklasse
14:00—15:00 Gym
14:30 – 15:30 Dogters/Seuns spantennis
15:00 – 16:30 Sokker o.15/o.17
15:00 - 16:00 Koor
16:00 – 17:00 Krieket
16:00 – 17:00 Atletiek

Dinsdag
13:30 – 14:15 VCSC Kringleiers toerusting
14:00—15:00 Gym
13:30 – 14:30 Wiskunde Graad 8 Ekstraklas
15:30 – 17:00 Readers are leaders/Access to computer-classes/ Type of assignments
15:00 – 16:00 Skaak/Chess
15:00 – 16:30 Sokker o.15/o.17
16:00 – 17:00 Krieket
16:00 – 17:00 Atletiek

Woensdag
13:30 – 14:30 Graad 8 Afrikaans Ekstraklasse
14:00—15:00 Gym
13:30 – 14:30 Grade 9 English Extra classes
13:30 – 14:30 Graad 11 Wiskunde Ekstraklasse
14:15 – 15:15 Readers are leaders/Tik van take
14:45 – 15:45 Debat/Redenaars
15:00 – 16:00 Koor
15:45 – 17:00 Toneel

Donderdag
13:30 – 14:30 Graad 9 Wiskunde Ekstraklasse
13:30 – 14:30 Graad 10 Wiskunde Ekstraklasse
14:15 – 15:15 Readers are leaders/Tik van take
14:15 – 15:15 Dogters/Seuns spantennis
15:00 – 16:30 Skaak/Chess
15:00 – 16:30 Sokker o.15/o.17
16:00 – 17:00 Krieket
16:00 – 17:00 Atletiek

KYTO Karoofees
26-28 FEB '26
Die fees wat pomp
SIEN JOU DAAR OP DE AAR!

# HSDA: DATUMLYS KWARTAAL 4 van 2025 – LEERDERS

## OKTOBER 2025

| | | | |
|---|---|---|---|
| **MON** | **13** | Skool open 07:30 Somertye. **Verdaag 13:30. Vrydae 13:15**<br>Rapportafskeurstrokies en koeverte terug<br>Inoefening vlagseremonie<br>**Kontrolee**r Toekenningsgeleentheidpunte | SR Vergadering 13:30<br>**NO BEANIES ALLOWED** |
| **TUE** | **14** | **Skool begin somertye 07:00**<br>Rapportafskeurstrokies en koeverte terug | SR Jaarverslag en tee **(AL die SR Lede)**<br>Inoefening vlagseremonie |
| **WED** | **15** | Inoefening vlagseremonie | Krieket vs Middelburg weg |
| **THU** | **16** | **Toekenningsgeleentheid 18:30** | Inoefening vlagseremonie |
| **FRI** | **17** | **Gr12 uitstapdag - 08:30**<br>Gr12 eksamenvergadering 09:45 | **Detensie**<br>Gr 12 Pledge Signing ceremony 10:00 |
| **SAT** | **18** | Kleure Atletiek<br>Tennis vs Middelburg/Union weg | Krieket HPT Betway SA 20 |
| **MON** | **20** | **Skool begin Maandae om 07:10**<br>**HSDA 2 de Ouervergadering: Begroting - 17:15 NB ID's** | Eksterne Dissiplinêre verhore 17:00 |
| **TUE** | **21** | NSS Eksamen begin CAT P1 | Interne Dissiplinêre verhore |
| **WED** | **22** | CSV: Yolo Booysen (Leerderontwikkeling) | Rekeninge aan ouers – sms |
| **FRI** | **24** | **Detensie**<br>**Skoolfondsvorms/POPI/Vrywarings vorms 2026 uit –**<br>***Ouers self* gee in by Me Myburgh – NIE Reg Ond** | **Novels** Tennis Classic<br>SR Kamp |
| **SAT** | **25** | SR Kamp | **Novels** Tennis Classic<br>Skaak Alpha |
| **MON** | **27** | SBL Vergadering 17:15 | |
| **FRI** | **31** | Pixley Tennisproewe HPT | **Detensie** |

## NOVEMBER 2025

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SAT** | **1** | Pixley Tennisproewe HPT | |
| **MON** | **3** | Eksamen begin Gr 10 tot 11 | **CUT OFF: S/Fee Forms, POPI etc handed back at Ms Myburgh** |
| **THU** | **6** | Eksamen begin Gr 8 tot 9 | |
| **FRI** | **7** | **Detensie** | Kontroleer Arendpunte in eksamen |
| **TUE** | **11** | **Ontruim Lockers of betaal vir volgende jaar**<br>**SMS: Slegs LEERDERS mag Lockervorms terugbring en betaal – GEEN OUERS! GEEN EFT!** | |
| **WED** | **12** | Ontruim Lockers of betaal vir volgende jaar | Uitstaande items |
| **THU** | **13** | | Ontruim Lockers of betaal vir volgende jaar |
| **FRI** | **14** | **Detensie** | Uitstaande items |
| **MON** | **17** | Eksterne Dissiplinêre verhore 17:00 | Uitstaande items |
| **TUE** | **18** | Interne Dissiplinêre verhore<br>Ontruim Lockers of betaal vir volgende jaar | Handboekkontrole - **Sê vir leerders** |
| **WED** | **19** | Ontruim Lockers of betaal vir volgende jaar | Uitstaande items |
| **THU** | **20** | | Handboekkontrole - **Sê vir leerders** |
| **FRI** | **21** | **Detensie**<br>Handboekkontrole - **Sê vir leerders: Betaal boeke of bring of GEEN RAPPORTE NIE** | Uitstaande items |
| **MON** | **24** | Handboekkontrole - **Sê vir leerders: Betaal boeke of bring of GEEN RAPPORTE NIE** | Uitstaande items |
| **TUE** | **25** | Ontruim Lockers of betaal vir volgende jaar | |
| **WED** | **26** | Handboekkontrole - **Sê vir leerders: Betaal boeke of bring of GEEN RAPPORTE NIE** | |
| **FRI** | **28** | **Eksamen eindig**<br>Handboekkontrole - **Sê vir leerders: Betaal boeke of bring of GEEN RAPPORTE NIE** | **Last day to pay for Lockers!** |

## DESEMBER 2025

| | | | |
|---|---|---|---|
| **MON** | **1** | SR Werk | |
| **TUE** | **2** | SR Werk | |
| **WED** | **3** | SR Werk | |
| **THU** | **4** | SR Werk | |
| **FRI** | **5** | SR Werk | |
| **TUE** | **9** | **Last day for S/Fee exemption applications/forms** | **S/Fonds vrystelling weer vanaf 1 Feb 2026** |
| **WED** | **10** | **Skole sluit vir leerders**<br>Haal rapporte af 08:00-09:00 | Trompet verskyn<br>Gr 11 – Laaste dag vir een vakverandering |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **FRI** | **12** | **Skole sluit vir personeel** | |
| **TUE** | **16** | **Day of reconciliation** | |
| **THU** | **25** | **Christmas Day** | |
| **FRI** | **26** | **Day of Goodwill** | |
| | | **JANUARIE 2026** | |
| **THU** | **1** | **Nuwejaarsdag** | |
| **MON** | **12** | Skole open - Personeel | |
| **TUE** | **13** | NSC 2025 Uitslae by skool 08:00 | |
| **WED** | **14** | Skole open - Leerders | |




